



Ds Johan en Rita Bloemhof
Daaglikse Gebedsversoeke No. 106

APRIL – JUNIE 2018

Liewe medewerker in Christus,

In die lig van die ewigheid, die feit dat my lewe inpas in 'n groter Raadsplan van God, lyk alles anders... Die tydjie op aarde, dit wat ek doen en sê kry ewige waarde. Ons ewige lewe saam met God, sonder pyn, sonder diewe, sonder droogtes, ens. is iets waarna elke gelowige verlang. Maar in die tussen tyd op aarde kan ons **gebede ook inpas** in dié ewige plan van God. Die Bybel sê :

“Aan God wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat **ons bid of dink**, aan Hom kom die eer toe, in die kerk, deur ons verbondenheid met Christus Jesus, deur al die geslagte heen **tot in alle ewigheid. Amen.**” Efesiërs 3.20



Deur gebed het jy 'n GROOT aandeel om hoop te bring Christus vir mense wie sonder hoop, sonder Christus en sonder kennis van God is.

Baie dankie.

APRIL 2018

Jesus sê : “**Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook**” Joh. 11.25

1-2 PAASSONDAG NGK Worcester-Audenberg erediens 9h30. Deputasie. Dank die Here vir die gemeente se sendingvisie en aktiewe deelname aandie Franse Sending. Bid vir seën op die prediking en die optrede

3-4 Johan en Rita reis baie kilometers. Bid vir beskerming tydens die reise en seën op elke byeenkoms en optredes.

5-6 Twee uitreike met Suid-Afrikaners en verspreidings deur plaaslike gemeentes lê voor die deur. Dank God vir die spanne wat kom help. Bid vir die drukwerk en dat alles veilig by die gemeentes in Frankryk afgelewer word.

7- 8 NGK Paarl Strooidakkerk 9h erediens. Deputasie. Bid vir seën op die optrede, dank die Here vir voorbidders en medewerkers. Bid dat die Evangelie steeds verder sal versprei.

9-10 Verskeie Paasfeesklubs word gedurende April maand regoor Frankryk gehou om die Evangelie te verkondig aan buiterekkerlike kinders. Bid dat kinders sal kom wat honger na God en Sy Woord en dat hulle gered sal word.

11-12 Bybel vakansie klubs word tydens die skool vakansie gehou. Bid dat die Evangelie Boodskap duidelik verkondig sal word en vir die redding van kinders en ouers.

13-14 Opelug evangelisasie Parys en in die Suide van Frankryk. Bid vir beskerming, goeie weer en oop harte.

15-16 Opelugwerk(volg) – bid vir bekerings

17-18 Maandelikse Goeie Nuus- en Tienerklubs. Bid dat baie kinders sal kom na al die klubs waar die Bybel aan hulle geleer word en vir die bekering van die kinders wat uit nie-Christelike huisgesinne kom.

19-20 Ons seun Jean en Holly Bloemhof. Dank die Here vir hulle bediening deur Veritas

en CEF. Bid dat hulle twee kinders Anna en Sophie sterk sal word in die Here.

21-22 Veritas. Bid dat die Here die kursusse seën en dat die Franse jongmense, lidmate en Turkse leiers goed toegerus sal word.

23-24 Plaaslike gemeente Bloemhofs. Dank God vir liefde en die toewyding en ywer van baie lidmate om erns te maak met aanbidding.

25-26 Loof en prys die Here vir soveel getroue voorbidders en kosbare vriende.

27-28 Geloofsending. Dank die Here vir elke ondersteuner vir die Franse Sending. Bid dat Hy hulle ryklik sal seën.

29-30 NGK Suiderstrand erediens 9h. Bid vir seën op die optrede, dank die Here vir die gemeente se sendingvisie, vir voorbidders en medewerkers.

MEI 2018

“Hierdie evangelie van die koninkryk **SAL in die hele wêreld verkondig** word, sodat AL die nasies die getuïenis kan hoor, eers **dan** sal die einde kom” **Matteus 24.14**

1-2 Bloemhof gesin. Loof die Here vir Sy groot genade dat almal Hom dien. Bid ook dat die 7 kleinkinders God se genadehand sal neem en Hom met oorgawe sal dien.

3-4 NGK CLARENS Deputasie byeenkoms. Dank die Here vir die gemeente se betrokkenheid by die Franse Sending deur gebed, gawes en deur uitreikers. Bid dat die byeenkoms die visie en verhoudings laat verdiep en dat God verheerlik sal word.

5-6 Erediens 8h30 NGK Witbank-Klipfontein Deputasie. Dank die Here vir die gemeente se visie vir wêreldsending. Bid vir bande om die evangelie boodskap saam ook verder te versprei in die Franssprekende wêreld deur gebed, belangstelling en gawes.

7-8 Rita Bloemhof. Bid dat ek altyd die Here met my hele hart dien en vir goeie gesondheid.

9-10 HEMELVAART “Hierdie Jesus wat van

julle af na die hemel toe opgeneem is, sal net so terugkom soos julle Hom na die hemel toe sien opgaan het." Hand 1.11b NG ELARDUSPARK – bid dat die Evangelie verder sal versprei.

11-12 VERITAS module 1 opleiding. Bid dat elke student goed toegerus word om die Bybel te interpreteer en dit toe te pas.

13-14 PINKSTER dienste NG Nigel-Oos (13 tot 16e) Bid dat God die Vader, Seun en Heilige Gees verheerlik word. Vir inspirasie deur die Heilige Gees vir elke boodskap wat Johan bring en vir herlewing in harte hier en daar ver.

15-16 Johan Bloemhof. Loof die Here vir gesondheid en vir wonderlike geleenthede om te deel aan die verdere verspreiding van die Evangelie. Bid dat ek elke dag God se wil sal soek en sal doen met my hele hart.

17-18 Franse Publikasies. Loof die Here vir nuwe publikasies vir Paasfees.

19-20 Vertrou God vir herlewing oral oor Frankryk en op die Franse eilande waar miljoene mense die Evangelie ontvang het.

21-22 Webblad www.CliqueLaVie.com Dank die Here vir duisende kinders wat die afgelope jaar begelei is en vir die nuwe Webmeester. Bid vir die ontwikkeling van Toepassings.

23-24 Handevat Projek. Dank die Here vir miljoene in Frankryk wat die Evangelie in posbusse ontvang het en vir elkeen wat God vertrou vir herlewing in 'n bepaalde streek.

25-26 Evangeliese webblad www.Dieu-t-m.com. Dank die Here vir die nuwe Toepassing op You Tube. Bid vir meer kinders wat op dié wyse die Evangelie sal hoor.

27-28 Marcel en Elise Bloemhof. Dank die Here vir 'n goeie plaaslike gemeente en hulle betrokkenheid. Dank God vir vriende wat begin inskakel. Bid vir Lana(5) en Ruben(4) se bekering en vir Elise se gesondheid.

29-30 Ma Hester verjaar die 30e. (85 jaar) Bid vir beskerming teen val, dat sy nog goeie

gesondheid geniet, vir lewensvreugde en vrede.
31 Geloofsending. Loof die Here vir gemeentes en individuele gelowiges se oop harte. Bid dat die Here elkeen ryklik sal seën.

JUNIE 2018

"Elkeen het 'n siter en 'n goue bak vol wierook gehad, die **gebede van die gelowiges**" Openb 5.8b

1-2 Johan se Sekretaresse – Any GRISEY. Loof die Here vir haar deeglike werk en ywer vir die Bybel verspreidings en Internet bedienings.

3-4 Hélène-Laure en Timothée Christin. Dank die Here vir hulle liefde en oorgawe aan Hom. Timothée werk in Switserland vir die Rooi kruis. Dank God vir 'n goeie gemeente en vir hulle sprankelende seuntjie Théo.

5-6 Uitreike. Dank God vir elke Suid-Afrikaner wat kom help. Bid dat die Here fondse en visums sal voorsien en vir ryke seëninge.

7-8 'Captain'clic' (Internet beraders) naweek. Bid dat elkeen bemoedig en beter toegerus word. Bid vir eenheid en liefde.

9-10 Werkers vir die Internet oes. Ons vertrou die "Here van die oes" vir nog beraders.

11-12 Johan se toetse vir die behandeling van Gloukoom. Bid vir effektiewe behandeling en vir genesing.

13-14 Uitreik KORSIKA ds Loffie Schoeman tot 26 Junie. Dank die Here vir 15 Suid-Afrikaners wat kom. Bid vir eenheid, beskerming op die reise en vir geestelike vrug wat sal bly – vir die redding van gesinne in BASTIA, CORTE, in die dorpie in die berge en vir Kerkplanting.

15-16 Bid vir die redding van die student **Benjamin** in ons huis. Dank die Here vir **Sarah, Zach en Samuel** se getuienis.

17-18 Jeanne Tchoumi (Werkster Parys omgewing). Loof die Here vir haar geseënde bediening in Parys omgewing.

19-20 Timothée en Julie Bloemhof. Bid dat hulle instrumente in God se hande sal wees.

Dank God vir hulle oop harte. Bid vir **Elliott (3)** en vir **Simon** (17 maande) se bekering en vir genesing van Simon se nier.

21-22 Bybel Toepassing vir Slimfone en internet. Bid vir die ontwikkeling daarvan vir die Franssprekende wêreld en 'n effektiewe opvolg van kinders

23-24 Werkers by die Nasionale kantoor. Dank die Here vir die personeel wie almal 'n uitstekende werk verrig.

25-26 Uitreike 2018: DV sal 206,000 gesinne regoor Frankryk en die Franse eilande die volgende paar maande bereik word moet die Evangelie. Dank die Here vir elke gemeente wat deel neem. Bid vir vrug wat bly.

27-28 Geloofsending. Dank die Here vir Sy getroue voorsiening deur vrywillige bydraes van gelowiges en gemeentes.

29-30 'Onderrig die kind doeltreffend' kursusse vir Kinderwerkers en leiers. Verskeie kursusse op Nasionale vlak. Bid dat die Here werkers sal stuur vir Sy oes.

Help asb. posgeld spaar: Vra gebedsversoeke en nuusbrief aan per E-pos **en gee u huidige posadres bloemhof@free.fr Plus VARS Nuus Frankryk posadres:** 10 rue des Genêts; 91090 LISSES Frankryk. Tel 0033160861989

Nuusbrief en adresveranderings: Franse Sending, NGK Nigel-Oos, Posbus 619, Nigel, 1490

Bydraes /Tjeks: "Child Evangelism Fellowship" Spesifiseer asb.vir "**ds J. F. Bloemhof Nr 30**"; Posbus 3139; Somerset-Wes 7129; RSA (Navrae Dr. Ernest van Zyl 0817367679)

Bank inbetalings of Debiet orders:

FNB (First Nasionale Bank)

Rekening naam: Child Evangelism Fellowship;

Takkode: 200912

Rekening nr.: 53 800 042 847

Verwysing: Vir ds **J. F. Bloemhof nr 30**

Debietorder: Vra asb. aan bloemhof@free.fr